

KONiNKRYKSTYD

In dié kerkjaarseisoen
gesels ons oor
dissipelskap en groei.

Laai die DinkJeug
Families app af. Luister,
lees, gesels en bid saam.



HUISGELOOF

STILTE
LUK 5:15-16

OMGEE

Stilte is in sommige huise dalk iets wat nie maklik gevind kan word nie. Soms is dit ook moeilik om stilte in jou gedagtes te kry. Stilte gaan nie net oor 'n gebrek aan geluide nie, maar om stil te raak, te luister, rustig te wees en vrede te kry. Gesels met mekaar: “Waar of wanneer het jy al die grootste stilte ge‘hoor?’”

DOEN

- Kies 'n teks of 'n woord waarvan julle baie hou en maak as gesin 'n plakkaat daarvan. Gebruik die inkleurtyd as 'n tyd om saam rustig te word.
- Kyk of jy vir vyf minute (of die helfte van jou ouderdom in minute) tjoepstil kan wees. Jy kan toe-oë lê op die mat.

GESELS

Ons ken baie stories van Jesus wat skares toespreek en siekes genees ... maar Jesus het ook Homself afgesonder om te gaan bid.

Lees Lukas 5:15-16

- Hoekom het Jesus Homself afgesonder en gebid?
- Wat maak dit moeilik?
- Wat help jou om stil te raak en te bid?
- Wat is die verskil tussen eensaamheid en alleen wees?

BID

Lees Psalm 46:11-12 en gee tyd vir stilgebed.



Laai die
DinkJeug
Families app
gratis af:



Google Play:



Apple iStore: